BERGKLUB VAN SUID-AFRIKA: VRYSTAATSE AFDELING

PROGRAMME FOR THE FIRST SEMESTER: FEBRUARY – AUGUSTUS 2009
PROGRAM VIR DIE EERSTE SEMESTER: FEBRUARIE - AUGUSTUS 2009

- Ons vertrek vanaf die kampus van die Universiteit. Almal kom by Beskermingsdienste se gebou in Alumnilaan bymekaar, waar die motors onder die koeltebome geparkeer kan word. Die Beskermingsdienste kan nie aanspreeklik gehou word vir enige skade of diefstal nie, maar die voertuie sal nietemin relatief veilig daar wees.

- Die **vertrektyd is altyd 17:00** tensy anders vermeld op die program.

- Please let the leader of the trip know if you want to go along or want more information. If the leader is not available, contact the secretary, Charlotte Augustyn at 051 446 2346 (H)

-
- Stappers **moét asseblief ten minste drie dae voor 'n uitstappie die leier kontak** as julle wil saamgaan, tensy die program 'n vroeër keerdatum aandui.

- Die leier sal poog om saamrygeleenthede te organiseer, maar dit is nie sy verantwoordelikheid om vervoer vir almal te kry nie.

- Non-members fee for attending a trip, is R10,00 per day, excluding children under the age of 15 and members of other hiking clubs.

- Alle gelde t.o.v. uitstappies is **vooruit betaalbaar** en sou 'n persoon nie meer 'n uitstappie kan meemaak nie, is **gelde nie terugbetaalbaar nie** tensy 'n ander persoon in die persoon se plek gaan. Die Klub verloor jaarliks baie geld as gevolg van stapgelde wat nie betaal word nadat persone aangedui het dat hulle 'n uitstappie sal bywoon, maar dan kop uittrek en nie die verskuldigde bedrag betaal nie.

- Rugsakke kan gehuur word by: Derek Odendaal 083 291 5567

- Vir rotsklimuitstappies, kontak Jacques Raubenheimer by 083 3799 145 mountainpursuits@gmail.com

GRADERINGS VAN UITSTAPPIES

A Makliker uitstappies, geskik vir onervare of minder fikse mense en kinders. Afstand is nie so ver nie en terrein nie so ru nie. A- is baie maklik; A is maklik en A+ is 'n bietjie moeiliker.

B Gemiddelde uitstappies. Redelike fiksheid word vereis, maar nie te veeleisend nie. Afstande mag soms ver wees, en terrein ru of redelik moeilik. B- is nog redelik maklik; B is gemiddeld en B+ is redelik moeilik.

C Moeilike en dikwels lang staptogte, net geskik vir fikse en ervare stappers. Afstande is dikwels ver en die terrein moeilik en steil. C- is nog nie te erg nie, C is regtig moeilik, terwyl C+ 'n baie veeleisende staptog is.

BESTUUR VIR 2008/09

Voorsitter	**Derek Odendaal** .	083 291 5567	derekrits@mweb.co.za
Ondervoorsitter	Andries Lategan	082 9289694	andries@equalitysolutions.co.za
Sekretaresse	Ansa du Toit	084 6600 550	ansadt@tiscali.co.za
Tesourier	Magdalena Steyn	051 436 3973	magdalenas@absa.co.za

Addisionele lede .

Nico Combrink	0827755100	combrinknl@telkomsa.net
Charlotte Augustyn	051 446 2346	charlotteaug@hotmail.com
Billi Redakteur		
Mollie Smit	051 – 5221548	molly@eject.co.za
Plattelandse verteenwoordigers		
Tinus Bam	(Reitz)	058 – 8631302
Job van Eeden	(Bethlehem)	058 – 3036161
Doep du Preez	(Kimberley)	053 – 8614718
Stephaans Bredenkamp	(Kroonstad)	056 – 2125232
Deon du Plessis	(Aliwal-Noord)	051 – 6341433

Posbus 12312, BRANDHOF 9324

PROGRAM/PROGRAMME: FEBRUARIE TOT AUGUSTUS 2009

Bergklub van Suid-Afrika (Vrystaatse Afdeling) -- Mountain Club of South Africa (Free State Section)

DATE DATUM	PLACE AND ROUTE PLEK EN/OF ROETE	GRADE GRAAD	PARTICULARS BESONDERHEDE	LEADER LEIER
21 Feb **2009**	Algemene Jaarvergadering en sosiale aand	--	Ons jaarlikse algemene ledevergadering en verkiesing van nuwe bestuur. Kennis en detail volg in Januarie. Teken die datum aan.	Derek Odendaal (051) 433 9180 (h) 083 291 5567
6 – 8 Maart	Holhoek Staproete, Paul Roux	B	'n Figuur-8 roete in die Witteberge wat nie te moeilik is nie. Pragtige sandsteenformasies, klowe en holkranse. Goeie oornaggeriewe vir 'n lekker gesellige kuier. Koste: R180 per persoon. Kontak leier en betaal **voor 5 Februarie**.	Sanet Ferreira 082 889 3518 051 522 7767 ferreisl.blmf@ufs.ac.za
20 – 22 March	Tsehlanyane Nature Reserve, Lesotho	B+	This reserve, near Butha Buthe in the north of Lesotho, must be the most well-preserved area in the Mountain Kingdom, with magnificent mountain scenery and many waterfalls. We walk partly on a trail and partly bundu-bashing. Passports and tents necessary. Overnight near Ficksburg on Friday night, before crossing the border on Saturday morning. Cost: R180 per person.	Derek Odendaal (051) 433 9180 (h) 083 291 5567 derekrits@mweb.co.za
4 April	Thaba Phatshwa, Tweespruit	B	Ons besoek weer hierdie interessante berg met sy mooi inheemse bos, vreemde rotsvorms en poele bo-op die berg . Vertrek Saterdag om 06: 30 uit Bloemfontein.	Nico Combrink (051) 436 1173 (h) 082 7755 100 combrinknl@telkomsa.net
24 – 27 April	Kgotswane area, QwaQwa	C	Ons volg 'n nuwe roete tot op die plato en besoek die dramatiese Kgotswane kloof met sy hoë watervalle, ruwe afgronde en toringspitse. Onder in die vallei is daar weer pragtige swempoele, Cleopatra se Baddens en groot holkranse. Dis 'n wondermooie omgewing. Vat tente. Slegs fikse mense. Goeie voorbereiding vir die Inka stappers.	Derek Odendaal (051) 433 9180 (h) 083 291 5567 derekrits@mweb.co.za
15 – 17 May	Ribbok Trail, Golden Gate	B+	We re-visit one of the oldest trails in the country in the ever-popular Golden Gate National Park, with its sandstone grandeur and roaming game. It is not an easy trail. Only 10 places available. Cost: R190 per person. Contact the leader and pay **before 14 April.**	Charlotte Augustyn 0833249474 charlotteaug@hotmail.com
30 Mei	Thaba Nchu	B-	Ons ou gunsteling dagstappie-berg net anderkant die bult. Vertrek 7:00 uit Bloemfontein.	Jacques Jordaan 082 373 5067 jacquesj01@telkomsa.net
5 Junie	*Sosiale aand: 18:30*	---	Kom kuier saam, deel ervaringe en bewonder die foto's van ons lede wat in Mei die Inca Trail gestap het. By Jacques en Daleen Raubenheimer, Hendrik Kotze Singel 30, Universitas Rif. Sop en broodjies word aangebied. Bring eie alkoholiese drinkgoed.	Jacques Raubenheimer 0833 799 145 mountainpursuits@gmail.com
13 – 16 Junie	Camdeboo Nasionale Park, Graaff-Reinet	B+	Kom saam na 'n pragtige karoo-berglandskap met verrassende natuurskoon en interessanthede. Vertrek Saterdag-oggend om 8:00 en verken die middag eers Graaff-Reinet se mooi en historiese geboue. Neem verlof vir die Maandag. Koste: R280 per persoon.	Trudie Venter 083 630 8849 trudieve@hotmail.com
4 – 11 July	July Camp, Drakensberg	A to C+	The annual winter camp with a lot of hiking in some part of the northern 'Berg, Organised by the KZN Section of the Club. Get details in May from the chairman or other committee members.	Committee
7 – 10 Augustus	Lady Grey area, Noordoos-Kaap	B+	Ons doen 'n verkenning van die mooi berge rondom Lady Grey op soek na sneeu en mooi tonele. Tente nodig.	Deon du Plessis 082 4122 732 deon@an.tdp.co.za

Die program vir die tydperk Augustus 2009 tot Februarie 2010 sal in Julie verskyn.